ANIMAL HOSPITAL & VETSHOP

Parow

PASIËNTE BESONDERHEDE – PLAKKER SAL BY DIE PRAKTYK VOORSIEN WORD

Narkose en chirurgie toestemmingsvorm **(kastrasies, sterilisasies, x-straal foto's, tande skoonmaak)**

Ons sal dit waardeer indien u hierdie vorm sal lees, en die toestemmings afdeling sal onderteken. Ons begryp dat die vorm lank is, maar voel dat u sal saamstem dat dit in u troeteldier se belang is om dit volledig in te vul.

Chirurgiese prosedure: _____

1. Voor-narkose gesondheid vraelys (omsirkel die regte antwoord)

- Het u troeteldier binne die afgelope 12 uur *enige* voedsel ingeneem? ja / nee
- Het u troeteldier al ooit voorheen narkose komplikasies ondervind? ja / nee
- Is u troeteldier allergies vir enige middels? ja / nee
- Ondervind u troeteldier tans enige vorm van hoes, nies, opgooi of loopmaag? ja / nee
- Het u enige oormatige toename in waterinname of urinering oor die afgelope 6 maande opgemerk? ja / nee
- Het u enige oormatige toename of afname in aptyt oor die afgelope 6 maande opgemerk? ja / nee
- Word u troeteldier uitasem na ligte oefening? ja / nee
- Het u troeteldier enige onverklaarbare gewigsverlies/toename oor die laaste 6 maande ondervind? ja / nee
- Ly u troeteldier aan enige chroniese mediese toestand? ja / nee
- Het u troeteldier binne die afgelope 30 dae enige medikasie ontvang? ja / nee
- Is u troeteldier binne die afgelope 12 maande ingeënt? ja / nee
- Was u troeteldier al ooit ernstig siek? ja / nee

Opmerkings:

2. Voor-narkose bloedtoetse

Enige prosedure wat narkose verg hou 'n sekere mate van risiko in, of dit nou 'n mens of troeteldier is. Die meeste narkosemiddels word deur die lewer en niere uit die liggaam verwyder, wat beteken dat dit belangrik is om te verseker dat hierdie organe gesond is. Alhoewel ons 'n kliniese ondersoek uitvoer voor narkose, is dit dikwels moeilik om probleme met die lewer, niere of bloedstelsel te identifiseer sonder bloedtoetse.Dit is ook belangrik dat pasiente normale bloedtellings moet hê om uitermate bloedverlies gedurende chirurgie te voorkom, sowel as om genesing van wonde te bevorder. Abnormaliteite van hierdie en ander organe mag die risiko van narkose of chirurgiese komplikasies verhoog. Soos u, wil ons die risikos verwant aan narkose en chirurgie so laag as moontlik hou. Derhalwe is daar 'n voor – narkose bloedtoets paneel, teen 'n addisionele fooi van R922 beskikbaar.

Parafeer asseblief:

- **Ja**, voer asseblief die bloedtoetse uit. _____
- **Nee**, moenie die toetse uitvoer nie. _____

Indien enige van die toetsuitslae abnormaal is, sal ons die bevindings met u bespreek en besluit of ons:

1) Die narkose uitstel na 'n later datum.
2) Verdere toetse moet uitvoer om die onderliggende probleem te identifiseer.
3) Volhou met die narkose, maar die prosedure en middels aanpas.

Indien die toetsuitslae normaal is, waarborg dit nie dat u dier nie 'n onverwagte reaksie op narkose mag he nie, maar dit vertel ons wel dat u dier 'n laer risiko het. Dit kan ook as 'n vertrekpunt gebruik word om vroee tendense te bespeur indien u dier op 'n later stadium weer bloedtoetse moet ondergaan agv siekte.

Kat eienaars: Ons beveel aan dat u weet wat die FeLV (kat leukemie virus) en FIV (kat HIV) status van u katte is. Die koste hiervan beloop R373.00. (Indien u meer oor FeLV / FIV wil weet, vra asb. vir 'n inligtingsblad.)

Parafeer asseblief:

- **Ja**, toets asseblief my kat vir FeLV en FIV. _____
- **Nee**, ek wil my kat nie laat toets nie. _____

3. Jaarlikse inentings

Tans word aanbeveel dat alle troeteldiere jaarliks ingeënt moet word. Dit is veral belangrik by jong diere en ook by die wat begin aanstap in jare. Inenting is een van die mees effektiewe vorms van voorkomende geneeskunde. Siektes soos katgriep, hondesiekte en aansteeklike honde-hepatitis is lewensgevaarlik. Vir katte is daar 'n hoogs effektiewe FeLV (kat leukemia virus) entstof beskikbaar wat vir alle katte oorweeg behoort te word. U word ook wetlik verplig om u troeteldiere teen hondsdolheid in te ent. Hierdie siekte is endemies in Suid Afrika en is byna altyd fataal in mense wat die virus opdoen na hulle deur hondsdol diere gebyt is.

My hond / kat moet ingeënt word teen die volgende – parafeer asseblief.

- Jaarlikse honde/kat entstof en hondsdolheid inenting ja _____ / nee _____
- Katte: FeLV ja _____ / nee _____

4. Binneaarse vloeistof en die plasing van 'n binneaarse lyn

'n Binneaarse kateter word geplaas vir *alle* pasiënte van TDH wat binneaarse narkose ontvang, sodat ons onmiddellike toegang tot 'n aar het in geval van nood aangesien ons oortuig is dat dit tot voordeel van ons pasiënte strek.

Die narkosemiddels wat vir algemene narkose gebruik word het dikwels 'n daling in bloeddruk tot gevolg. Verder mag onvermydelike bloedverlies gedurende chirurgie die bloeddruk verder verlaag. Die nagevolge van verlengde verlaagde bloeddruk sluit in: akute nierversaking, breinskade en selfs die dood. Die gebruik van binneaarse vloeistof ('n drup) is die primêre maatstaf wat gebruik word om verlaagde bloeddruk teen te werk, en laat ons ook toe om middels vinnig en direk in die bloedstroom toe te dien indien 'n noodsituasie sou ontwikkel. Byna al ons pasiënte wat narkose ontvang, ontvang ook 'n drup, met die uitsondering van jong, gesonde hond en kat kastrasies, ovariohisterektomie en kort narkose vir x-strale in gesonde, fikse troeteldiere. Ons sou verkies om laasgenoemde pasiënte ook roetienegewys te drup, maar word deur die onkoste verhoed. As u sou verkies dat ons 'n drup plaas, beloop die koste R524.55.

Parafeer asseblief:

- **Ja**, ek wil hê my troeteldier moet 'n drup ontvang. _____
- **Nee**, ek wil nie hê my troeteldier moet 'n drup ontvang nie. _____

5. Aanvullende pyn beheer

Diere wys nie pyn soos mense nie. Hulle kla nie luidkeels nie en verdra pynvlakke wat ondenkbaar is. Dit is bewys dat mense vinniger en beter herstel indien hulle pyn verlig word, en dieselfde geld vir ons troeteldiere. Ons beskou pynstillers as noodsaaklik vir die welstand van u troeteldiere: gestel u sou chirurgie ondergaan en geen pynstillers na die prosedure ontvang nie! *Dit is by TDH standaard praktyk dat al ons pasiënte 'n morfien-tipe medikasie as deel van die chirurgiese pyn beheer ontvang. Ook word 'n pynstillende/ anti-inflammatoriese inspuiting gegee wat vir 24 uur hou .* Hierdie kombinasie word as genoegsaam beskou vir klein chirurgiese prosedures. Pasiënte wat groter operasies ondergaan, word ontslaan met pyn medikasie vir ten minste 5 dae.

Ons voel egter dat ons pasiente pyn vry moet wees daarom beveel ons pynstillende middels vir 5 dae aan, om *absoluut* seker te maak dat u troeteldier nie onnodige ongemak ervaar nie. Die koste hiervan beloop +- R165, afhangende van die grootte van u troeteldier.

Parafeer asseblief:

- **Ja**, ek besef my troeteldier gaan na die operasie ontslaan word met pyn medikasie vir 5 dae. _____

6. Permanente identifikasie: ID mikroskyfie inplanting

Die plasing van 'n mikroskyfie is 'n permanente vorm van troeteldier identifikasie. Dit behels 'n eenvoudige prosedure, waartydens 'n mikroskyfie onder u troeteldier se vel ingespuit word. Die skyfie bevat 'n unieke nommer wat, tesame met u troeteldier se besonderhede, by 'n sentrale databasis geregistreer word. Bykans alle dierebeskerming instellings en dierebeheer agentskappe skandeer verlore troeteldiere vir so 'n mikroskyfie. Dikwels het verlore troeteldiere ook hul halsbande verloor, wat daardie vorm van identifikasie riskant maak. Indien u verseker wil wees van die beste moontlike kans om 'n verlore vriend terug te vind, behoort u troeteldier 'n mikroskyfie te dra. Indien u troeteldier nog nie 'n mikroskyfie het nie, kan ons hierdie klein prosedure uitvoer teen 'n koste van R295.00. 'n Jaarlikse administrasiefooi (R65) word na die eerste jaar deur Identipet gehef.

Parafeer asseblief:

- **Ja**, plaas asseblief 'n mikroskyfie. _____
- **Nee**, moet asseblief nie 'n mikroskyfie plaas nie_____

7. Addisionele gesondheids versorging

Terwyl my troeteldier in u sorg is, gee asseblief aandag aan die volgende:

- **Vlooi / bosluis beheer** ja _____ / nee _____
- **Ontwurm** ja _____ / nee _____
- **Naels sny** ja _____ / nee _____

8. Toestemming om narkose, chirurgie en /of behandeling uit te voer

Ek is die eienaar/ bevoegde agent van die beskryf de troeteldier en gee hiermee toestemming aan en verlang van die kliniek om sodanige diagnostiese, terapeutiese en chirurgiese prosedures uit te voer as wat beskryf en bespreek is in bogenoemde dokument. Die aard van die dienste is voldoende aan my beskryf en ek besef dat geen waarborg op 'n etiese of professionele vlak gegee kan word ten opsigte van die uitkoms of kuur nie. Ek verstaan en aanvaar dat enige mediese prosedure, insluitend narkose, altyd inherente risiko's inhou, insluitende die dood, en ek aanvaar sodanige risiko's. Ek verstaan verder dat alle redelike sorg en voorkomende maatreëls getref sal word in die uitvoer van hierdie prosedures. Ek gee toestemming dat die kliniek personeel in 'n noodsituasie sulke prosedures mag uitvoer as wat noodsaaklik mag wees vir die welstand van my troeteldier op 'n aanhoudende basis totdat hulle met my in kontak kan kom. Ek verstaan dat ek finansiële verantwoordelikheid aanvaar vir alle dienste gelewer.

Roetine sterilisasies	Beraming
Hond sterilisasie (teef) <10kg	R 1680 ☐
Hond sterilisasie (teef) 10-25kg	R 1815 ☐
Hond sterilisasie (teef) >25kg	R 1970 ☐
Hond kastrasie <10kg	R 1250 ☐
Hond kastrasie 10-25kg	R 1375 ☐
Hond kastrasie >25kg	R 1495 ☐
Kat sterilisasie (wyfie)	R 1225 ☐
Kat kastrasie	R 695 ☐
Kriptorkiede mannetjie (honde en katte): Prys op versoek ☐	

Ekstras	Beraming
Voor-narkose bloedtoets (honde en katte)	R 922 ☐
FeLV/FIV toets (katte)	R 373 ☐
Jaarlikse inenting (honde)	R 425 ☐
Jaarlikse inenting (katte)	R 425 ☐
Jaarlikse inenting (katte + FeLV inenting)	R 480 ☐
Binneaarse "drip" (honde en katte)	R 524.55 ☐
Ekstra pyn medikasie (hang af van grootte)	- +R 165 ☐
Mikroskyfie inplanting	R 295 ☐
Vlooi/Bosluis "spot-on": Koste hang af van grootte en produk ☐	
Ontwurming: Koste hang af van grootte en produk ☐	

Geteken deur die eienaar of bevoegde agent _____

Datum:_____

ID nommer: _____

VIR HOSPITAAL PERSONEEL DOELEINDES

Admitted by:
ASA score:
Carrier left with pet:

ASA 1 - Normal patient with no organic disease
ASA 2 - Patient with mild systemic disease
ASA 3 - Patient with severe systemic disease that is a constant threat to life
ASA 4 - Patient with incapacitating systemic disease that is a constant threat to life
ASA 5 - Moribund patient not expected to live 24 hours with or without surgery